

28 Augustus

Skrifgedeelte: Lukas 16:1-18

Fokusgedeelte: Lukas 16:15

Wees getrou, tevrede, verantwoordelik en gehoorsaam

Die Fariseërs het gehou van vertoon, van rykdom en swier, en het armoede as 'n straf uit die hand van die Here gesien. Hulle was geldgierig en lief vir geld, lees ons in vers 14, en soms was hulle oneerlik en selfgesentreerd. Jesus onderrig aan hulle wat die wet en die profete so goed ken, maar nie die dubbele liefdesgebod toepas nie, naamlik dat ons die Here ons God moet liefhê met ons hele hart en met ons hele siel en ons hele verstand en ons naaste soos onself.

Met 'n aantal gelykenisse wil Jesus aan hulle die waarheid voorhou dat God die kenner van die mensehart is, dat Hy dieper sien selfs in die harte en gedagtes van mense, en dat Hy alleen in beheer is van tyd en geskiedenis, en dat sy Woord en Wet vasstaan: "Tog is dit makliker vir die hemel en die aarde om te vergaan as dat een lettertjie van die wet verval." Jesus neem tonele wat almal goed ken en Hy beeld hulle arm geestelike lewe daarmee uit.

Wat is belangrik in hierdie lewe? Die teenswoordige of die ewige lewe? God eis van ons getrouheid aan sy Woord (betroubaarheid, vers 10), waar ons Hom bo alles eer en dien in die wete dat alle gawes van Hom af kom en dat alles aan Hom behoort. En as ons in die teenswoordige lewe betroubaar, tevrede, verantwoordelik en gehoorsaam is in alle dinge, weet ons dat ons ook as betroubaar geag sal word vir die ewige dinge, sy Koninkryk.

Sing: Psalm 31:15 (1936-beryming)

Ds LAS Nel (Elandskraal)